# BEd 4 Afrikaans (Ond) Uitstalling: Teorie na die Praktyk



Die diverse kultureel en linguistiese agtergronde van ons jong leerders noodsaak dat onderwysers wat vroeë geletterdheid onderrig al hul leerders goed moet leer ken om hul diverse leerbehoeftes in die klaskamer aan te spreek.  BEd 4 Grondslagfase-studente word in hul finale jaar van Afrikaansonderrig daaraan blootgestel om kultureel-responsiewe perspektiewe t.o.v geletterdheid te ondersoek. Tydens die  proses word die kapasiteit van student-onderwysers ontwikkel ten einde  sensitiewe en stimulerende leerruimtes te skep en toepaslike leerervarings en onderrigstrategieë te ontwerp wat aan alle leerders die geleentheid sal bied om hul leerpotensiaal te bereik.




'n Taakopdrag ten einde "Teorie na die Praktyk" te demonstreer, wat oor 'n periode van 10 weke gestrek het, het gekulmineer in die kleurvolle tentoonstelling van die studente se kreatiewe onderrigstrategieë. Hierdie suksesvolle uitstalling, gehou op 12 Mei 2015 is deur ander entoesiastiese onderwysstudente en passievolle Grondslagfase-opvoeders van verskillende skole besigtig.




